



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

SEPTEMBER 2012

**GESKIEDENIS V1
ADDENDUM**

Hierdie addendum bestaan uit 10 bladsye.

VRAAG 1: WAS DIE V.S.A. DIE OORSAAK VAN DIE KUBAANSE MISSIEL KRISIS?**BRON 1A**


Dit is 'n uittreksel uit Fidel Castro se Tweede Verklaring van Havana, 4 Februarie 1962.

“Sedert die einde van die Tweede Wêreldoorlog, verarm Latyns-Amerikaanse lande voortdurend. Die waarde van hul per capita inkomste val. Die verskriklike persentasies van kinder sterftesyfer neem nie af nie, die getal ongeletterdes styg, mense ly aan 'n tekort aan werk, grond, voldoende behuising, skole, hospitale, kommunikasie en ander middele van bestaan.

Waar paaie vir mense gesluit is, waar die onderdrukking van werkers en boere wreed is, waar die oorheersing van Yankee monopolieë die sterkste is, is die eerste en belangrikste les om te verstaan dat dit nie reg of regverdig kan om die mense te mislei met die vae en verbeelde illusie dat die dominante klasse verwyder kan word met wettige wyse wat nie en nooit sal bestaan nie.”

BRON 1B

Die volgende spotprent is getiteld “*Oor die tuinmuur*”. Dit is 'n Britse spotprent van 17 Oktober 1962. Dit wys Kennedy sit op die linkerkant-en Khrushchev sit aan die regterkant.



BRON 1C

Vroue protes by die Verenigde Nasies teen die Kubaanse blokkade.

Kennedy wees versigtig

Vrede of Vernietiging



Jou verantwoordelikheid – Vrede

Die VN moet Kubaanse Krisis hanteer

VRAAG 2: WAS AFRIKA SOSIALISME DIE ANTWOORD OP AFRIKA SE POST KOLONIALE PROBLEME?

BRON 2A

Hierdie bron verduidelik die redes waarom Afrika lande 'n beleid van selfstandigheid na onafhanklikheid nagestreef het.


Terwyl sommige Afrika-state, veral die voormalige Franse kolonies, verkies het om nuwe vorme van kolonialisme of neo-kolonialisme na onafhanklikheid te volg, het andere sosialisme gekies omdat hulle kapitalisme as sinoniem met kolonialisme en verdrukking beskou het.

Voor 1960, was koloniale houdings ingestel op uitbuiting en om verdeeldheid tussen etniese groepe te versterk. 1960's het 'n ander stel politieke- en sosiale waardes meegebring. Hierdie waardes het 'n gewilligheid onder die mense van Afrika bevorder om uit te styg bo hul geërfde sosio-ekonomiese en politieke probleme. Afrika-leiers het nuwe filosofieë ontwikkel en gepreek. Politieke waardes, soos Afrika-eenheid, solidariteit, gelykheid, selfstandigheid en Ubuntu het die voertuig geword wat hierdie nuwe bewussyn gedryf het en wat politieke-, sosiale- en ekonomiese geregtigheid sou bevorder.

In 1961, toe Tanzanië onafhanklik geword het, kon slegs een in elke ses volwassenes lees en skryf. Minder as vyf persent van sy mense het in die stede gewoon. Die meeste Tanzaniërs was kleinboere wat 'n bestaanslewe in landelike gebiede gelyk het. Daar was slegs 'n paar fabriekke en nywerhede. Die land was beskou as een van die armste lande in Afrika. Tog, het die eerste president van die onafhanklike Tanzanië, Julius Nyerere, geglo dat die heropbou van Afrika-state afhang van die gewilligheid van Afrika-lande om weg te breek van neo-kolonialisme en selfstandigheid na te streef.

BRON 2

Hierdie foto wys hoe mense saamwerk op 'n Ujamaa kollektiewe plaas.



BRON 2C

Hierdie bron wys die menings van Tanzaniërs wat hul ondervindinge van Ujamaa gedeel het tydens onderhoude.



Baie van ons kon nie sien hoe ons hierdeur sou baat nie. Ons wou bly waar ons voorvaders begrawe is, en somtyds was ons plase naby ons huise

Jy sien daar was droogte. Ons het 'n slegte oes gehad; die mense lei honger. Beamptes van Segara gee sakke kos vir mense wat bereid is om te verhuis na die gemeenskaplike plase

Die ryker boere was gekant teen Ujamaa. Dus nie duidelik of die boere Ujamaa ondersteun of verstaan nie

Regeringsamptenare bly in regte huise maar vertel ons om in swak huise te trek. Baie van hulle glo nie in Ujamaa nie. Die advies wat ons kry werk nie

Ek het baie gedroom dat ek winkel toe gaan met die geld wat ek verdien het met my piesang verkope. Ek het gedroom ek koop materiaal vir my vrou en myself. As hierdie droom waar woerd sal ons almal in Ujamaa glo.

Daar was 'n groot stryd in die dorp. Baie boere het nie weet nie hoe hulle sou baat deur te verkuif nie. Hul lewens en denkwysse het meeste van hulle in hul verspreide nedersettings gehou

Ek het kennis geneem in Dar es Salaam dat baie regeringsamptenare ontevrede was met die gemeenskaplike plase. Die ryk boere wou nie hul plase prys gee nie en arm boere het gevoel dat hulle nie voordeel trek uit die plase nie. Buitelandse organisasie soos die Wereld bank was gekant teen sosialisme

Nyerere het gese dat daar sosialisme op die plase kan wees mits almal op die gemeenskaplike plase werk. Op sommige plase was daar nie gemeenskaplik geboer nie. Die mense boer op hul eie plase daarom is daar 'n voedsel tekort.

VRAAG 3: HOE HET HOFSAKE DIE PLATVORM GELË VIR DIE VERDERE SUKSESSE VAN DIE BURGERREGTBEWEGING IN DIE 1960s?**BRON 3A**

Arkansas se goewerneur Orval Faubus tydens 'n onderhoud in 1980 oor die gebeure by Little Rock Hoërskool in 1957.

Ek het 'n klein mag van die Nasionale Wag aangestel om vrede by die Little Rock skool te behou. Ek kon nie vir geweld wag nie. Ek het toe dadelik die federale bevel om die Nasionale Wag te verwyder, uitgevoer. Die volgende dag was daar wanorde en die president het 1 100 troepe na Little Rock gestuur om die studente in die skool te begelei. Ek is ten volle oortuig dat my hantering van die situasie gehelp het om geweld en wanorde te voorkom.

BRON 3B

Amptelike BBC verslag, September 1957, oor die gebeure by Little Rock Hoërskool.

Nege swart studente was uiteindelik toegelaat om die Central Hoërskool in Little Rock, Arkansas by te woon. Maar hulle moes omring word deur meer as 1000 troepe, wat gestuur was deur President Eisenhower, om hulle te beskerm teen die rassitiese blankes. Die troepe het laat gisteraand aangekom en die plaaslike polisie oorgeneem na drie weke van verstuurings. Die studente moes deur 'n kordon loop om by die skoolgebou uit te kom. Buite, het ongeveer 1 500 blankes gedemonstreer, sommige gewelddadig, en ten minste sewe is in hegtenis geneem.


BRON 3C

'n Verklaring deur Martin Luther King namens die Montgomery Improvement Association, Desember 1956.

Dit is 'n historiese week omdat segregasie op busse nou ongrondwetlik verklaar is deur 'n bevel van die Hooggeregshof. Binne 'n paar dae sal jy weer geïntegreerde busse ry. Dit plaas op ons 'n geweldige verantwoordelikheid om in weerwil van verwagte onaangenaamheid, 'n kalm en liefdevolle waardigheid te handhaaf soos dit goeie burgers en lede van ons ras betaam. As daar geweld in woord of in daad is, moet dit nie ons mense wees wat dit pleeg nie.

BRON 3D

Vanuit 'n komiese boek wat wêreldwyd gepubliseer is deur die burgerregte-beweging in 1956 met die titel, "Die Montgomery Storie".



HOW 50,000 NEGROES FOUND A NEW WAY TO END RACIAL DISCRIMINATION.

Hoe 50 000 negers 'n nuwe manier gevind het om rasse diskriminasie te beëindig

Hoe 50 000 negers 'n nuwe manier gevind het om rasse diskriminasie te beëindig

Desember 5, 1955
Loop vir Vryheid

Desember 21, 1956
Oorwinning vir Geregtigheid



VRAAG 4: WAAROM WAS STEVE BIKO EN DIE SWARTBEWUSSYNSBEWEGING BETEKENISVOL IN SUID-AFRIKA SE VRYHEIDSTRYD?

BRON 4A

Hierdie is 'n uittreksel uit 'n toespraak deur President Nelson Mandela by die twintigste herdenking van Steve Biko se dood in Oos-Londen op 12 September 1997.

Ons vergader hier om hulde te bring aan een van die grootste seuns van ons nasie, Stephen Bantu Biko. Sy hoop in die lewe, en sy lewe van hoop, is vasgevang in sy epiese woorde, "In tyd, sal ons in 'n posisie wees om aan Suid-Afrika sy grootste moontlike geskenk te gee – 'n meer menslike gesig"

Geskiedenis roep op Steve Biko op 'n tyd wanneer die politieke pols van ons mense baie sag klop as gevolg van tronkstraf, ballingskap, moord en verbanning. Onderdrukking het die land skoon gegee van alle sigbare organisasies van die volk. Van die begin af, het swart bewussyn homself verwoord as 'n "houding van die gees, 'n manier van lewe" ... dit het die vuur onder die leiers en die massas aangeblaas. Die dryfkrag van swart bewussyn was om trots en eenheid te bewerkstellig onder al die onderdrukte, om die strategie van verdeel-en-bestuur te vernietig, trots te kweek onder die massa van ons mense en vertrou in hul vermoë om hulself te bevry van onderdrukking. Een van die grootste nalatenskap van die stryd wat Biko gevoer het – en waarvoor hy gesterf het – was die ontploffing van trots onder die slagoffers van apartheid.

... Dit is dan 'n gelukkige sameloop van die geskiedenis dat Steve Biko vereer is met 'n brons standbeeld, deur Naomi Jacobson. Die finansiële koste van die standbeeld was gedra deur mense in die kreatiewe veld, insluitende Denzel Washington, Kevin Kline (Amerikaanse film ikone) en Richard Attenborough, wat sal onthou word vir die film oor Biko, "*Cry Freedom*". Nog 'n bydraer is Peter Gabriel, wie se liedjie "*Biko*" gehelp het om die vlam van anti-apartheid-solidariteit aan die lewe te hou.

Ons is vol vertrou dat deur die vorming van 'n nuwe en voorspoedige nasie, ons nog steeds die stryd voortsit waarvoor Steve Biko die hoogste prys betaal het. Ons hoop dat deur die onthulling van die standbeeld, die hernoeming van die brug en die verklaring van sy huis in Ginsberg as 'n nasionale monument, ons 'n beskeie bydrae maak tot die immortalisering van sy lewe.

BRON 4B

Dit is deel van 'n onderhoud wat 'n Europese joernalis in die eerste helfte van 1970 met Steve Biko gevoer het. Dit is aangehaal uit: *I Write What I Like: A Selection of His Writings*, by Steve Biko.

Toe ek universiteit toe kom [Durban Mediese Kollege, Universiteit van Natal], iewers in 1966, was my analise en die van my vriende dat daar 'n soort van anomalie [teenstrydigheid] in die situasie was, waar die blankes in werklikheid die hoof deelnemers in ons onderdrukking en terselfdertyd die belangrikste deelnemers in die opposisie teen daardie onderdrukking was. Dit impliseer dus dat Swartes op geen stadium in hierdie land 'n bydrae gemaak het in die skuif van 'n politieke opinie nie. Die omgewing is heeltemal deur blankes beheer in wat ons noem 'totaliteit' van blanke mag op daardie tyd.

So, ons het aangevoer dat enige veranderinge wat kom net kan kom as 'n gevolg van 'n program wat uitgewerk is deur swart mense – en om swart mense in staat te stel om 'n program uit te werk wat hulle benodig het moes hulle die een belangrikste element in die politiek wat teen hulle gewerk het, verslaan: 'n sielkundige gevoel van minderwaardigheid wat doelbewus deur die stelsel ingebou was. So ook moes die blankes, ten einde om na Swartes te luister, die een probleem wat hulle gehad het, naamlik 'meerderwaardigheid' verslaan ... Eerstens het ons as swart studente gesê dat ons nie in veerlassige organisasies, wat by verre wit organisasies was, bloot as gevolg van die oorweldigende aantal wit studente aan universiteite in die land, kon deelneem nie ...

Dus, in 1968 het ons begin met die vorming van wat nou bekend staan SASO – die Suid-Afrikaanse Studente-Organisasie – wat stewig gegrond was op Swart Bewussyn. In wese moes dit die posisie van die swart man verhef deur positief te soek na daardie waardes wat van hom 'n kenmerkende man in die samelewing gemaak het.

BRON 4C

Die volgende uittreksel is deur Donald Woods 10 Augustus 1971, die redakteur van die *Daily Dispatch*, 'n liberale Engelse koerant in Oos-Londen. Woods het sy sienings verander en het 'n vurige verdediger van Swart Bewussyn en vertroueling van Steve Biko geword.

Die opkoms van SASO is een van die betreuenswaardige manifestasies van 'n rassistiese beleid op regeringsvlak. Die hoeksteen van apartheid is die Bantoestan-beleid, waardeur swartmense verplig was om hulself te beskou as afsonderlike mense – 'n volk afgesonder – wat slegs op die grondslag van eksklusiwiteit kan strewe na vooruitgang. Die gevolg is die opkoms van 'n 'slegs swartes'-mentaliteit onder die swartes. Die voorstanders van SASO is verkeerd met dit wat hulle doen. Hulle bevorder apartheid. Hulle bekragtig die idee van rasse-eksklusiwiteit en doen dus die regering se werk.

ERKENNINGS

Visuele bronne en ander geskiedkundige bewyse was uit die volgende bronne geneem.

Bartels, J. *et al.* 2006. *Shuters History* (Shuter & Shooters Publishers)

Biko I), S. 1978. *I Write What I Like* (Heinemann)

Bonner, P. *et al.* 1998. *Soweto: A History* (Maskew Miller Longman)

Bottaro, J. *et al.* 2006. *Oxford in Search of History Grade 12* (Oxford University Press)

Claire, H. *et al.* *Making History Grade 12*

Culpin, C. 2000. *South Africa Since 1948* (John Murray)

Frederikse, J. 1987. *South Africa: A Different Kind of War* (Ravan Press)

Internet Source: <http://country studies;US/3.html>

Keller, Bill 2008: *Tree Shaker: The Story of Nelson Mandela* (Kingfisher Publication)

Pampallis, K. 2000: *They fought for freedom: Nelson Mandela* (Maskew Miller Longman)

Sonaba, X. 2007 *Focus on History: Looking into the past* (Maskew Miller Longman.)

Warden, N. *The Making of Modern South Africa: Conquest, Segregation and Apartheid*

Saunders: *Looking into the Past Grade 12*

Wikipedia, 2009, Black consciousness